Wes-Kaapse Regering
VIR JOU

# BELANGRIKE KENNISGEWING

## WES-KAAPSE HUURBEHUISINGSTRIBUNAAL AANSTELLING VAN DIE VOORSITTER, VIER (4) GEWONE LEDE EN TWEE (2) PLAASVERVANGERLEDE VIR DIE TYDPERK: 1 JULIE 2026 – 30 JUNIE 2029

Uitnodiging om te nomineer:
Die Wes-Kaapse Provinsiale Minister vir Infrastruktuur nooi belangstellende persone ingevolge Artikel 9 van die Wet op Huurbehuising, 1999 (Wet 50 van 1999) om nominasies in te dien vir aanstelling om as Gewone Lid op die Wes-Kaapse Huurbehuisingstribunaal vir die tydperk 1 Julie 2026 tot 30 Junie 2029 te dien.

Werksaamhede van die Wes-Kaapse Huurbehuisingstribunaal:
Die kernverantwoordelikhede van die Wes-Kaapse Huurbehuisingstribunaal is om die pligte na te kom wat daarop opgelê is soos vervat in Hoofstuk 4 van die Huurbehuisingswet, 1999. Die Tribunaal moet klagtes van onregverdige huurbehuisingspraktyke wat die regte van enigeen van die twee huurpartye onredelik kan benadeel, onvang en sulke klagtes ondersoek, oorweeg en oor beslis.

Pos beskikbaar:
Nominasies vir die volgende poste opgeroep:
1. Voorsitter
2. Gewone Lede (x 4).
3. Plaasvervangerlede (x 2).

Vereistes: Genomineerdes moet toepaslik gekwalifiseerd wees met kundigheid in een of meer van die volgende kategorieë:
- Huurbehuisingseiendombestuur of behuisingsontwikkelingsake; of
- Huurbehuising verbruikersake; of
- Toepaslike regskundigheid met 'n regsgraad

Die primêre funksie van die Tribunaal is om verhore te hou en om uitsprake te maak wat regverdig is soos beoog in Artikel 13 (2) (d) van die Huurbehuisingswet, 1999. Bewese analitiese denke en bevoegdheid in die opstel van beslissings sal 'n voordeel wees.

Neem asseblief kennis: Daar word van genomineerdes vereis om 'n streng onderhoudsproses te ondergaan. Alle genomineerdes moet oor voldoende en bewese rekenaarvaardighede beskik en in staat wees om verwante tegnologie te kan gebruik. Alle genomineerdes sal aan 'n keuringsproses onderwerp word. Benoemings van voormalige lede van die Wes-Kaapse Huurbehuisingstribunaal wat twee of meer termyne gedien het, sal nie oorweeg word nie. Die departement behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie. Indien u geen terugvoer binne drie maande na die sluitingsdatum van die posadvertensie ontvang het nie, beskou asseblief u aansoek as onsuksesvol.

Instruksies:
Persone wat belangstel om hulself vir bogenoemde pos beskikbaar te stel, moet 'n genommerde instruksiespakket van die betrokke amptenaar wat hieronder aangehaal word, bekom. Die instruksiespakket sal die nominasieprosedure sowel as die kwalifiserende vereistes en kriteria vir kortlys verduidelik. Geen nominasies sal aanvaar word indien die voorgeskrewe prosedure nie nagekom word nie. Voornemende genomineerdes word aangemoedig om toegang te verkry tot die Wet op Huurbehuising 50 van 1999 om te verseker dat hulle aan al die vereistes voldoen voordat hulle 'n instruksiespakket aanvra. Let wel geen onvolledige of laat aansoeke sal oorweeg word nie.

Die sluitingsdatum vir nominasies is as volg: 16h00nm, Vrydag, 28 November 2025
Navrae kan gerig word aan: Mej Anastacia Duminy, Tel: 021 483 6495/4148.
E-pos: Anastacia.Duminy@westerncape.gov.za